(1,1) -1- Sallies_Afr_T2IB02475.indd 2010/03/03 3:33 PM

SALLIES

SALLIES BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 1903/001879/06)
JSE-aandeelkode: SAL ISIN: ZAE000022588
("Sallies" of "die maatskappy" of "die groep")

GEKONSOLIDEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2009

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

R'000	%-verandering	**Ses maande geëindig 31 Desember 2009 Nie nagesien**	Ses maande geëindig 31 Desember 2008 Nagesien	Jaar geëindig 30 Junie 2009 Geouditeer
Inkomste – mynbou	(70)	**44 582**	149 608	251 928
Netto valuta(verliese)/winste	68	**(1 207)**	(3 782)	(9 259)
Koste van verkope	56	**(43 548)**	(99 334)	(144 406)
(Verlies)/Wins uit mynbou-aktiwiteite	(100)	**(174)**	46 492	98 263
Min: Depresiasie	(156)	**(8 750)**	(3 416)	(16 862)
Amortisasie van mineraalregte	100	**–**	(1 053)	(1 850)
Bedryfs(verlies)/wins uit mynbou	(121)	**(8 924)**	42 023	79 551
Wins met verkoop van aanleg, eiendom en toerusting	–	**130**	–	257
Administratiewe uitgawes	33	**(10 984)**	(16 431)	(27 650)
Beleggingsinkomste	(80)	**84**	425	1 087
Finansieringskoste op lenings	53	**(445)**	(951)	(1 654)
Rente op omskepbare skuldbriewe	2	**(3 648)**	(3 709)	(7 207)
(Verlies)/Wins voor Honeywell, aandeelgebaseerde betalings en Buffalo-waardedaling	(211)	**(23 786)**	21 357	44 384
Voorsiening vir Honeywell-vereffeningstoekenning	–	**–**	–	(9 626)
Voorsiening vir Honeywell-toekenningsrente	–	**(235)**	–	(1 658)
Veronderstelde rente op omskepbare skuldbriewe	7	**(1 389)**	(1 495)	(2 892)
Aandeelgebaseerde betalings	70	**(2 078)**	(6 853)	(8 779)
(Verlies)Wins voor Buffalo-waardedaling	(311)	**(27 488)**	13 009	21 429
Buffalo-waardedaling		**–**	(74 592)	(74 592)
Netto verlies voor en na belasting	55	**(27 488)**	(61 583)	(53 163)
Ander omvattende verlies-items	–	**–**	–	–
Totale omvattende verlies vir die tydperk	55	**(27 488)**	(61 583)	(53 163)
Uitgereikte aandele (000)		**642 220**	642 220	642 220
Geweegde gemiddelde getal aandele uitgereik (000)		**642 220**	639 255	640 725
Geweegde gemiddelde getal aandele uitgereik vir verwaterde verdienste per aandeel (000)		**642 220**	639 255	640 725
REKONSILIASIE VAN VERDIENSTE				
Netto (verlies) toeskryfbaar aan gewone aandeel-				

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

R'000	**31 Desember 2009 Nie nagesien**	31 Desember 2008 Nagesien	30 Junie 2009 Geouditeer
BATES			
Nie-bedryfsbates	**93 621**	101 445	104 292
Beleggingseiendomme	**3 133**	3 167	3 167
Ontoeganklike belegging	**2 226**	2 064	1 932
Eiendom, aanleg en toerusting	**78 087**	86 039	89 018
Klandisiewaarde	**10 175**	10 175	10 175
Bedryfsbates	**82 376**	97 494	114 546
Voorraad	**42 658**	42 678	64 022
Rekeninge ontvangbaar – handel	**3 557**	30 856	4 684
Rekeninge ontvangbaar – ander	**4 766**	9 146	8 290
Belasting vooruitbetaal	**2 789**	2 789	2 789
Kontant en kontantekwivalente	**28 606**	12 025	34 761
Totale bates	**175 997**	198 939	218 838
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes	**73 879**	88 932	99 288
Aandelekapitaal en -premie	**284 788**	284 788	284 787
Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag ekwiteit te wees	**17 102**	17 102	17 102
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	**22 059**	18 044	19 981
Opgehoopte verlies	**(250 070)**	(231 002)	(222 582)
Nie-bedryfslaste	**81 607**	83 553	81 148
Langtermynlening	**2 576**	5 446	3 926
Voorsiening vir omgewingsrehabilitasie	**19 611**	21 474	19 192
Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag skuld te wees	**59 420**	56 633	58 030
Bedryfslaste	**20 511**	26 454	38 402
Handels- en ander rekeninge betaalbaar	**17 522**	21 665	30 642
Bankoortrekking	**–**	–	3 730
Lopende gedeelte van langtermynlaste	**2 989**	4 789	4 030
Totale ekwiteit en laste	**175 997**	198 939	218 838
Bedryfsbate/bedryfslas-verhouding	**4,0**	3,7	3,0
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**11,5**	13,8	15,5

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

REKONSILIASIE VAN VERDIENSTE				
Netto (verlies) toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers vir basiese verdienste per aandeel	55	**(27 488)**	(61 583)	(53 163)
Wins met verkoop van aanleg en toerusting	–	**(130)**	–	(257)
Impak van die waardedaling van Buffalo vaste bates		**–**	68 072	68 072
Netto (verlies)/wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers vir wesensverdienste per aandeel	(526)	**(27 618)**	6 489	14 652
PER AANDEEL (sent)				
Verlies per aandeel (sent)	56	**(4,3)**	(9,6)	(8,3)
Verwaterde verlies per aandeel (sent)	56	**(4,3)**	(9,6)	(8,3)
Wesens(verlies)/wins per aandeel (sent)	(524)	**(4,3)**	1,0	2,3
Verwaterde wesens(verlies)/wins per aandeel (sent)	(524)	**(4,3)**	1,0	2,3

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

R'000	Aandele-kapitaal	Aandele-premie	Gedeelte van omskepbare skuldbriewe geag ekwiteit te wees	Aandeel-gebas-eerde betalings-reserwe	Opge-hoopte verlies	Totaal
Saldo op 30 Junie 2008	635	280 418	17 960	11 191	(169 419)	140 785
Aandeelgebaseerde betalings				6 853		6 853
Aandele uitgereik	7	2 870				2 877
Verlies vir tydperk					(61 583)	(61 583)
Saldo op 31 Desember 2008	642	283 288	17 960	18 044	(231 002)	88 932
Skuldbriewe in aandele omgeskep		858	(858)			–
Aandeelgebaseerde betalings				1 937		1 937
Wins vir die tydperk					8 420	8 420
Saldo op 30 Junie 2009	**642**	**284 146**	**17 102**	**19 981**	**(222 582)**	**99 289**
Opsie toegeken				**2 078**		**2 078**
Verlies vir tydperk					**(27 488)**	**(27 488)**
Saldo op 31 Desember 2009	**642**	**284 146**	**17 102**	**22 059**	**(250 070)**	**73 879**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

R'000	Ses maande geëindig 31 Desember 2009 Nie nagesien	Ses maande geëindig 31 Desember 2008 Nagesien	Jaar geëindig 30 Junie 2009 Geouditeer
Netto kontant(uitvloei)/invloei uit bedryfsaktiwiteite	**(1 988)**	6 552	39 802
Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit beleggingsaktiwiteite	**1 954**	(17 589)	(29 556)
Netto kontant(uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite	**(2 392)**	(2 317)	(4 595)
Netto (toename)/afname in kontant en kontantekwivalente	**(2 425)**	(13 354)	5 651
Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk	**31 031**	25 380	25 380
Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk	**28 606**	12 026	31 031

VERKORTE SEGMENTELE ONTLEDING

R'000	Witkop	Buffalo	Ander	Groep
Ses maande geëindig 31 Desember 2008				
Inkomste	136 845	12 763	–	149 608
Wins/(verlies)	32 425	(76 421)	(17 587)	(61 583)
Totale bates	152 901	11 448	34 590	198 939
Totale laste	(35 338)	(12 606)	(62 063)	(110 007)
Jaar geëindig 30 Junie 2009				
Inkomste	235 036	16 892	–	251 928
Wins/(verlies)	61 580	(77 688)	(37 055)	(53 163)
Totale bates	204 557	6 345	7 936	218 838
Totale laste	(33 436)	(11 563)	(74 548)	(119 550)
Ses maande geëindig 31 Desember 2009				
Inkomste	**41 432**	**3 150**	**–**	**44 582**
(Verlies)	**(15 960)**	**(958)**	**(10 570)**	**(27 488)**
Totale bates	**163 289**	**4 549**	**8 159**	**175 997**
Totale laste	**(16 046)**	**(11 915)**	**(74 157)**	**(102 118)**

IAS 1
Aanbieding van Finansiële State soos gewysig is vir die eerste keer deur die maatskappy aangeneem. Die aanname het slegs veranderings in openbaarmaking tot gevolg gehad.

KOMMENTAAR VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2009

ONTLEDING VAN RESULTATE
Sallies het 'n verlies van ZAR8,9 miljoen uit mynbou-aktiwiteite vir die ses maande tot Desember 2009 gely vergeleke met 'n wins van ZAR42 miljoen vir dieselfde tydperk verlede jaar. Omset het van ZAR149,6 miljoen vir die ses maande tot Desember 2008 tot ZAR44,6 miljoen vir die ses maande tot Desember 2009 gedaal.

BEDRYWIGHEDE
Die vraag na suurgraad vloeispaat het ingesink en ten spyte van doelgerigte pogings deur die bestuur en sy bemarkingsagent is toekomstige bestellings nie verkry nie. Gevolglik het die maatskappy besluit om sy Witkop Fluorspar-myn ("Witkop") tydelik uit bedryf te stel, soos in Junie 2009 aangekondig. Albei myne van die maatskappy word nou op 'n versorging-en-instandhoudingsbasis bedryf en die Buffalo Fluorspar-myn ("Buffalo") is reeds in Oktober 2008 tydelik uit bedryf gestel. Witkop het genoeg vloeispaat voor sy tydelike uitbedryfstelling geproduseer om sy uitvoerverkoopskontrakte vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009 gestand te doen en die laaste uitvoerverkoopskontrak is in Februarie 2010 gestand gedoen.

Sleutelpersoneel is by Witkop behou met die oog op die nodige kapasiteit om die myne weer in bedryf te stel, en die produksiefasiliteite word in afwagting daarvan in stand gehou. 'n Sekere mate van eksplorasieboorwerk is gedurende die ses maande onder oorsig afgehandel en sodra monsterneming en ontleding klaar is, sal die huidige geologiese model vir Witkop bygewerk word.

Op 19 Mei 2009 het Sallies en Witkop die Federale Hooggeregshof van Switserland versoek om:
- die toekenning ter syde te stel, wat tot gevolg sou hê dat die saak vir waarderaming na die Arbitrasietribunaal teruggestuur sou word; en
- die Arbitrasietribunaal te beveel om Honeywell se eis te verwerp en Sallies en Witkop se teeneis goed te keur.

Gedurende Desember 2009 het die Federale Hooggeregshof van Switserland die versoek deur Sallies en Witkop verwerp.

Sallies het sy eie onkoste met betrekking tot die verrigtinge namate dit aangegaan is, verantwoord. Volle voorsiening is gemaak vir die toekenning van USD1 243 824 en die rente daarop tot 31 Desember 2009.

Daar moet aan die vereistes van Suid-Afrikaanse regulasies en prosedures voldoen word voor betaling plaasvind.

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS
Witkop Fluorspar Mine (Edms) Beperk is tans in geskille met SAID aangaande die jare van aanslag 2000 tot 2003 gewikkel. SAID het beslis dat die aftrekking van sekere tussenmaatskappy-uitgawes ontoelaatbaar is en het die tydsberekening van inkomste wat erken is, verwerp.

Indien Witkop sukses in die geskille behaal, sal voorlopige betalings ten bedrae van R6,7 miljoen (uitgesluit rente) aan die groep terugbetaal word. Indien hy geen sukses in al die geskille behaal nie, sal die totale bedrag

(1,3) -1- Sallies_Afr_T2IB02475.indd 2010/03/03 3:33 PM

stel, en die produksiefasiliteite word in afwagting daarvan in stand gehou. 'n Sekere mate van eksplorasie-boorwerk is gedurende die ses maande onder oorsig afgehandel en sodra monsterneming en ontleding klaar is, sal die huidige geologiese model vir Witkop bygewerk word.

Die maatskappy meld met genoeë dat geen ongeskiktheidsbeserings of noodlottige ongelukke gedurende hierdie oorsigtydperk plaasgevind het nie.

MINERAALRESERWES EN -HULPBRONNE

Die werk om die mineraalreserwes en -hulpbronne soos in die 2009 finansiële jaarstate uiteengesit te hersien met die oog op 'n Hulpbron-en-reserwe-verklaring wat voldoen aan NI 43 – 101 duur voort en aandeelhouers sal in kennis gestel word sodra die werk afgehandel is.

Die aanvanklike werk met die opstelling van die hulpbronverklaring wat aan NI 43 – 101 voldoen, het op 'n moontlike afname in die mineraalhulpbronne wat in die 2009 finansiële jaarstate geopenbaar is, gedui. Dit is onwaarskynlik dat die afwaartse aanpassing 'n wesenlike impak op die normale kommersiële bedryf van die maatskappy op medium termyn sal hê.

ONDERHANDELINGE MET SEB-VENNOOT

In die 2009-jaarverslag is gemeld dat sekere tekortkominge in die struktuur van die transaksie tussen Sallies en African Renaissance Investments (Edms) Bpk ("SEB-vennoot") geïdentifiseer is, en samesprekings aangaande 'n herstrukturering van die transaksie is aan die gang. Dié samesprekings duur voort.

VOORUITSIG

Fluoorwaterstofsuur ("FW") kan nie sonder suurgraad vloeispaat geproduseer word nie. Dié suur is voermateriaal, hoofsaaklik vir die produksie van koelmiddelgasse (wat koelkaste, vrieskaste en lugversorgers dryf) en aluminiumtrifluoried (waarsonder aluminium nie koste-effektief geproduseer kan word nie). FW is ook allerbelangrik vir ander klein, maar vinnig groeiende nismarkte.

Witkop het 'n groot vloeispaatmineraalhulpbron van hoë gehalte (alhoewel lae graad) en geniet groot aansien by 'n breë, internasionale kliëntebasis as 'n betroubare sakevennoot.

Die harderotshulpbronne by Witkop en Buffalo bly onekonomies teen vandag se prys/koste-verhouding. Navorsing om die fosforinhoud in die eindproduk uit die Buffalo-uitskotdamme te verminder, duur egter voort.

Sallies se toekoms stem ten nouste ooreen met dié van die wêreldekonomie. Suurgraad vloeispaatpryse het begin herstel maar is nog nie op 'n vlak wat die hervatting van produksie deur die myne regverdig nie. Nie net moet pryse verder herstel nie, maar die voortgesette sterkte van die Suid-Afrikaanse rand teenoor, veral, die Verenigde State-dollar is nog 'n rede om nie die myne in die afsienbare toekoms weer in bedryf te stel nie.

Die maatskappy is kostebewus en 'n kontantbewaringstrategie word steeds gevolg. Op die huidige vlak van versorging-en-instandhoudingsbesteding sal die maatskappy teen Augustus 2010 geherkapitaliseer moet word en fondse van ongeveer ZAR40 miljoen sal vereis word om die Witkopmyn weer in bedryf te stel.

HONEYWELL

Honeywell International Inc ("Honeywell") het 'n bedrag van USD6 847 305 van Sallies en sy filiaal, Witkop, geëis vir skadevergoeding weens kontrakbreuk. Sallies en Witkop het 'n teeneis ten bedrae van USD1 067 327 teen Honeywell ingestel vir betaling van materiale aan Honeywell gelewer sowel as USD2 027 797 vir onderbetalings deur Honeywell vir materiale aan Honeywell gelewer.

Op 3 April 2009 het die Internasionale Kamer van Koophandel van die Internasionale Arbitrasiehof ("die Arbitrasietribunaal") beslis dat:

- Sallies en Witkop 'n bedrag van USD1 243 824 in totaal plus rente teen 5 persent per jaar sedert 19 Januarie 2006 tot volle betaling aan Honeywell moet betaal;
- die teeneis van USD3 095 119 deur Sallies en Witkop afgewys word; en
- elke party sy eie regs- en ander koste moet betaal ("die toekenning").

Die bedrag wat aan Honeywell toegeken is, is 18% van die bedrag wat oorspronklik geëis is.

en het die tydsberekening van inkomste wat erken is, verwerp.

Indien Witkop sukses in die geskille behaal, sal voorlopige betalings ten bedrae van R6,7 miljoen (uitgesluit rente) aan die groep terugbetaal word. Indien hy geen sukses in al die geskille behaal nie, sal die totale bedrag betaalbaar deur Witkop ongeveer R0,7 miljoen (uitgesluit rente) bedra. Belasting voorafbetaal van R2 789 000 word tans in Sallies se gekonsolideerde balansstaat gedra.

Samesprekings om die geskille met SAID by te lê, duur voort.

OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die tussentydse verslag is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening, die Suid-Afrikaanse Maatskappywet en die Noteringsvereistes van JSE Beperk opgestel. Die tussentydse resultate sluit rekeningkundige beleide in wat ooreenstem met dié wat by die opstelling van die finansiële resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 gebruik is. Hierdie resultate is nie deur die maatskappy se ouditeure nagesien of geouditeer nie.

DIREKSIE

SP (Stephen) Morris en PR (Patrick) Cooke is op 18 Augustus 2009 as nie-uitvoerende direkteure aangestel. Dr FJP (Fred) Roux en mnr DGJ (Dennis) Kerrison (nie-uitvoerende voorsitter en nie-uitvoerende direkteur, onderskeidelik) is kragtens 'n aandeelhouersbesluit op 22 Oktober 2009 uit die direksie verwyder. Menere N (Nicholas) Davidoff en A (Andrew) Kamau is as nie-uitvoerende direkteure aangestel en menere TG (Tom) Dale en BE (Barnie) Esterhuizen (hoof uitvoerende beampte en nie-uitvoerende direkteur, onderskeidelik) het op dieselfde dag as direkteure bedank. Nicholas is vervolgens as voorsitter van die direksie aangestel. Patrick Cooke is by die bedanking van J (Johann) Blersch met ingang van 31 Januarie 2010 as finansiële direkteur aangestel.

DIVIDENDE

Geen tussentydse dividend is vir die tydperk verklaar nie.

Op las van die direksie

Nicholas Davidoff
Nie-uitvoerende Voorsitter

Johannesburg
3 Maart 2010

Direkteure:
Nicholas Davidoff (Voorsitter)*, Andrew Kamau*^, Johann Blersch (het 31 Januarie 2010 bedank)
Jürgen Kögl*, Patrick Cooke (Finansiële Direkteur en HBB), Sandile Swana*^, Stephen Morris*^
* *Nie-uitvoerend* ^ *Onafhanklik*

Geregistreerde kantoor:
Blok C, Riverwalk Office Park, Matroosbergweg 41, Ashlea Gardens, Pretoria 0081
(Privaat Sak X1315, Zeerust, 2865)

Ouditeure:
BDO South Africa Geïnkorporeer
Blok C, Riverwalk Office Park, Matroosbergweg 41, Ashlea Gardens, Pretoria 0081
(Posbus 95436, Waterkloof, 0145)

Oordragsekretaris:
Computershare Investor Services (Eiendoms) Beperk
Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Borg:
Bridge Capital Advisors (Edms) Beperk
2de Verdieping, Frickerweg 27, Illovo Boulevard, Illovo, 2196

ince.motiv